

JY BENODIG

Babakombersie van sowat 125 x 90 cm; 155 x 120 cm katoenstof van goeie gehalte; sowat 8 m bypassende skuinsband; bypassende masjiengare; vilt en borduurwol in die kleure van jou keuse; dik borduurnaald met 'n skerp punt.

MAAK SÓ

- Toring omboorsel van kombersie af. Maak seker hoeke is haaks en teenoorstaande sye is ewe lank.
- Merk rand van sowat 10 cm rondom met rygsteke. Verdeel nou middelste deel in 12 blokke: 3 in breedte en 4 oorlangs. Merk met rygdrade.
- Teken ontwerpe van jou keuse op elke 2e blok en werk dit in kettingsteek. Jy kan ook die meeste van die ontwerpe uit vilt knipen met kettingsteek of komberssteek op die kombersie vaswerk.
- Steek kombers op katoenstof vas sodat 15 cm van katoenstof aan elke kant verbysteek. Ryg vasaan kombers. Werkskuinsband op gemerkte sye van blokke vas, behalwe heel buitenste rand om blokke. Vou katoenstof wat verby kombers steek om na regte kant van kombers, vou soompie na binne en stik op rand vas. Jy kan skuinsband op dié rande ook vaswerk.

INDIESE KETTINGSTEEK

Werk kettingsteke volgens skets. Gebruik sowat 3 ska-

kerings of tinte van 'n kleur. Werk rye kettingsteek teen mekaar, in kleure wat van donker na lig op

mekaar volg. Kleure behoort nie te veel te verskil nie, sodat dit subtiel ineenvloei. Om spesiale

trekrag te verkry, kan jy egter met kleure wat meer verskil, eksperimenteer.



foto PETER WHITFIELD; stilerig SANDRA BODENSTEIN

'n Erfstuk vir 'n klein skatjie

Wikkel jou kleinding toe in 'n besonderse stukkie warmte. Maak van 'n gewone babakombersie iets wat vir 'n paar geslagte groot plesier sal verskaf ... met net 'n bietjie borduurwerk en versterking. Deur Riana van der Merwe